In gesprek met stilte: Herverbeeldings van Khoi-vroue in geselekteerde Afrikaanse literêre tekste deur die lens van kritiese fabulasie

Courtneigh Ess en Marni Bonthuys

In conversation with silence: Reimaginings of Khoi women in selected Afrikaans literary texts through the lens of critical fabulation

In this article, Saidiya Hartman's concept of critical fabulation is employed to explore two literary reimaginings of historical Khoi women, namely Krotoa and Sara Baartman. The selected texts for discussion are Dalene Matthee's novel Pieternella van die Kaap *(2000) and Diana Ferrus's poem "Vir Sara Baartman" (2005). The creation of these literary reimaginings will be contextualized by highlighting how the silences of these Khoi women in the archive are made particularly evident through the extensive body of writing produced about them during both colonial and post-colonial periods. Over the years, Krotoa and Sara Baartman have been central figures in a range of discourses and are frequently appropriated to advance various ethnic, political and gendered arguments/ stances. We argue that when viewed through the lens of critical fabulation, these two literary texts make the 'impossible possible' by imagining the lives of the two women in very specific ways. In doing so, they underscore both the impossibility and the necessity of allowing the subaltern to speak.*

1. Inleiding

Daar is al baie geskryf oor die wyse waarop skrywers dekades, selfs eeue, ná die dood van 'n belangrike maar gemarginaliseerde historiese figuur in 'n herverbeelde literêre werk 'n stem aan hierdie personasie probeer gee. Viljoen sinspeel op Gayatri Spivak (1988)[1] se bekende artikel "Can the subaltern speak?" in haar 2002-artikel "Kan die slaaf praat? Die stem van die slaaf in enkele Brink-romans". Sy wys op Spivak se kritiek van die "first-world intellectual masquerading as the absent nonrepresenter who lets the oppressed speak for themselves" en noem dat dit eintlik 'n byna onmoontlike taak is om hierdie voorheen stemlose subjek in letterkunde "tot spreke te bring" (Viljoen, 2002: 92). Meer as twee dekades ná die publikasie van Viljoen se artikel (en byna vier dekades ná dié van Spivak), is daar steeds in literêre kringe kontestasie rondom hierdie kwessie.

In dié artikel betrek ons die Amerikaanse letterkundige Saidiya Hartman se konsep 'critical fabulation' (kritiese fabulasie) om te kyk watter winste hierdie benadering kan lewer met betrekking tot die herkonstruksie van hierdie soort

historiese figure. Ons fokus is eerstens op die omstrede en enigmatiese 17de-eeuse Khoi-vrou, Krotoa (ook bekend as Eva). Krotoa se lewensverhaal het die bron van uiteenlopende akademiese navorsing en kunswerke geword en in die proses is sy vertaal vanuit die koloniale geskiedenis tot in die hede, met die Universiteit Stellenbosch wat byvoorbeeld onlangs een van hulle geboue ter ere van haar vernoem het (Stellenbosch University Corporate Communication and Marketing Division, 2021). Dit is veral Krotoa se posisie as tolk vir Jan van Riebeeck asook haar huwelik met die wit arts, Pieter van Meerhof, en haar gevolglike oorbrugging van rassige, kulturele, religieuse en linguistiese grense in die vroeë Suid-Afrikaanse koloniale bestel wat haar in die spil van hierdie diskoerse plaas.

In ons artikel val die soeklig op die representasie van Krotoa in Dalene Matthee se populêre roman *Pieternella van die Kaap* (2000). Matthee span na ons mening die tegniek van kritiese fabulasie in wanneer sy as wit vroueskrywer eeue later die Khoi-subjek se verhaal vertel. Aangesien daar al soveel navorsing oor die kreatiewe herverbeelding van Krotoa gepubliseer is,[2] betrek ons in hierdie artikel die voorstellings van nog 'n historiese Khoi-vrou wat deur 'n Afrikaanse vroueskrywer in die letterkunde herverbeel is. Diana Ferrus se bekende gedig "Vir Sara Baartman" gepubliseer in haar bundel *Ons komvandaan* (2005) oor die wêreldberoemde 19de-eeuse Khoi-vrou, Sara Baartman, word as nog 'n voorbeeld van kritiese fabulasie bespreek.[3] Die voorstelling van Krotoa in historiese bronne en spesifiek Matthee se roman vorm 'n fokus van dié artikel met die vers oor Baartman wat ten slotte betrek sal word.

2. Teoretiese uiteensetting

Saidiya Hartman (2008) stel in haar artikel "Venus in two acts" ondersoek in na die stiltes van die argief[4] met spesifieke verwysing na versweë stemme van swart slavinne. In 'n poging om die storie en ervaring van hierdie slavinne te herverbeel, munt sy die konsep 'critical fabulation' wat na 'n metode of proses verwys waartydens historici (of kunstenaars) oor versweë geskiedenisse spekuleer deur narratiewe te skep.

Hartman (2008: 2) is van mening dat bestaande historiese narratiewe oor onderdrukte subjekte nie 'n akkurate refleksie van hulle geleefde ervarings is nie, maar dat dit eerder in die teken staan van die gewelddadige wyse waarop die argief nie net subjekte uitsluit nie, maar ook uitwis. Om hierdie rede verwys Hartman (2008: 2) na die argief as 'n "failed witness" en 'n "death sentence". Aan die hand van kritiese fabulasie werk Hartman (2008)

saam met én teen die stiltes van die argief om die swart slavin, Venus, se lewe en ervaring te herverbeel.

Vanweë hierdie fokus op die stiltes (en versweë stemme) van die argief, kan Hartman (2008) se kritiese fabulasie uiteraard gelees word as 'n reaksie (of selfs 'n antwoord) op Gayatri Spivak se belangwekkende vraag: "Can the subaltern speak?". In akkoord met Spivak, argumenteer Hartman (2008) dat slavinne weens inherente epistemiese geweld nooit werklik 'n stem sal kan hê nie (sien ook Rijks, 2024: 90). Met behulp van kritiese fabulasie probeer Hartman (2008) om hierdie stiltes, oftewel die oop plekke, met 'n 'onmoontlike moontlike' narratief te verken (sien Hartman, 2008: 11). Volgens Hartman (2008: 4) moet die stiltes van die argief ten alle tye gerespekteer word, en dit kan slegs gebeur wanneer die skrywer, kunstenaar of geskiedkundige "narrative restraint" toepas. Hierdie "narrative restraint" geskied wanneer kunstenaars of teoretici nie die gapings of stiltes in die argief met sekerhede probeer vul nie (Hartman, 2008: 4). Dit behels ook die afwys van 'n finale of samevattende slot (Hartman, 2008: 12). Hierdeur word veelvuldige interpretasies moontlik gemaak en die leser word herinner aan die onmoontlikheid om 'n versweë storie of stem in die argief agter te haal. In hierdie verband voer Hartman (2008: 2) aan: "I intended both to tell an impossible story and to amplify the impossibility of its telling".

Volgens Maud Rijks (2024: 93) behels kritiese fabulasie die skep van narratiewe wat vrae stel waarop daar nooit definitiewe antwoorde sal wees nie. Hartman (2008: 12) beskryf dit as "a narrative of what might have been or could have been; it is a history written with and against the archive". Die stelwyse wat Hartman (2008) in hierdie aanhaling gebruik, beklemtoon die spekulatiewe aard van kritiese fabulasie wat uiteindelik die mag van die argief ondermyn en alternatiewe historiese narratiewe moontlik maak (sien ook Söderback, 2024: 115).

Hierdie narratiewe behels 'n kreatiewe spel met historiese feite asook die herrangskikking van die historiese volgorde van gebeure om onderdrukte historiese subjekte in die sentrum te plaas (Hartman, 2008: 11). Voorts bevat hierdie narratiewe ook verskillende vlakke van die narratiewe diskoers en die grense tussen verteller en spreker word dikwels vervaag om die betwiste aard van geskiedenis en historiese narratiewe te belig (Hartman, 2008: 11). Deur hierdie strategieë, word uiteenlopende betekenismoontlikhede en perspektiewe opgeroep wat uiteindelik die epistemiese geweld van die argief blootlê (Hartman, 2008: 11).

In haar bestudering van kritiese fabulasie voer Rijks (2024) aan dat die metode van kritiese fabulasie in twee hoofstappe geskied. Eerstens, behels dit spekulering rondom die stiltes van die argief om die 'onmoontlike moontlike'

narratief te ontgin (Rijks, 2024: 91). Hierdie spekulasie neem uiteindelik die vorm van ’n narratief aan. Rijks (2024: 93) dui byvoorbeeld op die funksionaliteit van die gebruik van die “subjunctive” oftewel die subjunktief – ’n stelwyse wat gebruik word wanneer iets nie as feit gestel word nie, maar eerder as ’n moontlikheid of hipotese. In hierdie verband is die “narrative constraint” dus van kardinale belang.

Die tweede stap behels die geskiedkundige verbintenis, of binne die konteks van hierdie artikel, die skrywer se affektiewe en persoonlike verbintenis met die verlede en die historiese subjekte wat in hulle werk herverbeel word (Rijks, 2024: 91). Kousaliteit en lineariteit, soos dit in tradisionele geskiedskrywing voorkom, is nie van belang nie, en die narratiewe wat geabstraheer word, verweef die verlede, hede en die toekoms aangesien die storie van historiese subjekte binne die konteks van die hede hervertel word. Saidiya Hartman (2008: 13) beskryf in dié verband kritiese fabulasie ook as die optekening van ’n “history of the present”:

> As I understand it, a history of the present strives to illuminate the intimacy of our experience with the lives of the dead, to write our now as it is interrupted by this past, and to imagine a *free state*, not as the time before captivity or slavery, but rather as the anticipated future of this writing (Hartman, 2008: 4).

Hierdie simbiose herinner aan Hartman (2019: 227) se konseptualisering van ‘wayward’ wat sy elders munt en as volg beskryf:

> Wayward: the unregulated movement of drifting and wandering; sojourns without a fixed destination, ambulatory possibility, interminable negotiations [...] The attempt to elude capture by never settling [...] Wayward: to wander, to be unmoored, adrift, rambling, roving, cruising, strolling and seeking. To claim the right to opacity. To strike, to riot, to refuse.

Dit is opvallend dat beide skrywers wat in hierdie artikel betrek word, naamlik Matthee en Ferrus, oor historiese subjekte skryf met wie hulle ’n moontlike genealogiese verbintenis het. Die skep van hierdie historiese narratiewe kan dui op ’n soeke na identiteit binne ’n veranderde sosio-politieke konteks. In hierdie verband kan die argument gemaak word dat hierdie skrywers, net soos die historiese subjekte waaroor hulle skryf, in ’n toestand van “wayward” verkeer – die Khoi-vroue Krotoa en Baartman oor wie daar relatief min historiese feite in die argief beskikbaar is, maar dus óók die Afrikaanse vroueskrywers wat deur hulle literatuur hul soeke na identiteit blootlê op grond van hulle genealogiese verbintenis met hierdie historiese Khoi-vroue.

Kritiese fabulasie beskik uiteindelik oor dissidente waarde wat die epistemiese geweld van die argief ontbloot en poog om dit reg te stel. Fanny Söderback (2024: 104) voer aan dat dit verband hou met prosesse van "untelling" wat sy soos volg beskryf: "[T]elling the untold stories and giving voice to those who have been muted, hearing their screams while attending to their silence". Tóg voer Hartman (2008: 12) aan dat kritiese fabulasie nie 'n poging tot stemgewing is nie, maar eerder 'n spel met historiese feite om onverifieerbare narratiewe te herverbeel: "It is an impossible writing which attempts to say that which resists being said [...] It is a history of an unrecoverable past [...]".

3. Krotoa

Jan van Riebeeck se dagjoernaal vorm die basis van 'n aantal sekondêre historiese bronne wat historiese narratiewe oor die verloop van Krotoa se lewe bied. Een hiervan is Malherbe (1990) se werk *Krotoa, called 'Eva': A woman between* wat 'n genuanseerde oorsig van Krotoa se lewe gee. Hierdie bron funksioneer deurgaans as hoofnaslaanbron oor Krotoa se lewe wat deur navorsers soos Carli Coetzee (1998), Julia Wells (1998), Yvette Abrahams (1996a) en Meg Samuelson (2005) ingespan word. Gevolglik steun ons ook in hierdie artikel op Vertrees Malherbe (1990) se teks om 'n bondige samevatting oor Krotoa se lewe te bied.

Daar word in die dagjoernaal vir die eerste keer na Krotoa verwys onder die inskrywing van Januarie 1654, waar vermeld word dat Krotoa saam met die Goringhaicona-stam, naby die Saldanhars-stam, gesien is (Malherbe, 1990: 8). Die tweede dagjoernaalinskrywing geskied twee jaar later, in 1656, waar gemeld word dat Krotoa al 'n geruime tyd in die fort woon en die "Hollandse" taal begin praat het (Malherbe, 1990: 8). Krotoa is kort voor lank aangestel as van Riebeeck se tolk en volgens Pieter Conradie (1997: 60) is sy met dieselfde aansien as alle ander administratiewe personeel van die fort behandel. Krotoa se ouderdom tydens haar aankoms in die fort blyk 'n stilte in Van Riebeeck se dagjoernaal te wees. Wells (1998: 417) glo dat Krotoa in 1652 op die ouderdom van 12 in die fort begin woon het, terwyl Abrahams (1996a: 14) reken dat Krotoa tien of 11 was toe sy deur Van Riebeeck ingeneem is. Conradie (1997: 56) voer egter aan dat Krotoa skaars agt jaar oud was toe sy die fort in 1653 betree het.

In 1662 is Krotoa gekersten en amptelik in die Christen-geloof gedoop (Malherbe, 1990: 42). Sodoende het sy die eerste lid van die inheemse Khoibevolking geword wat die Christen-geloof aangeneem het en in die proses

het sy die naam ‘Eva’ gekry (Malherbe, 1990: 42) wat duidelik sinspeel op die vrouefiguur in die Bybelse skeppingsverhaal.

Op 2 Junie 1664 het Krotoa met die Deense dokter Pieter van Meerhof in die eg getree en uit hierdie huwelik is drie kinders gebore: Pieternella, Salomon en ’n ouer broer wie se naam onbekend is (Malherbe, 1990: 48-50). Kort ná Krotoa en Van Meerhof se troue is hy as die poshouer van Robbeneiland aangestel en die Van Meerhof-gesin het na Robbeneiland verhuis (Malherbe, 1990: 48). Die huwelik was egter van korte duur nadat Van Meerhof in 1667 tydens ’n ekspedisie na Madagaskar vermoor is (Malherbe, 1990: 50). ’n Jaar later het Krotoa en haar kinders teruggekeer na die Kaap waar hulle in ’n verlate pottebakkershuis gewoon het (Malherbe, 1990: 50). Volgens die dagjoernaalinskrywings het Krotoa ná haar terugkeer oormatig alkohol gebruik en in prostitusie verval (Conradie, 1997: 56). Sy het ook haar kinders agtergelaat om by die Khoi te gaan woon (Malherbe, 1990: 50). Die rede vir haar gedrag blyk nog ’n stilte in die dagjoernaal te wees, maar haar gedrag is volgens die dagjoernaal deur die konserwatiewe Hollandse samelewing verafsku. Op bevel van die kommandeur is soldate gestuur om Krotoa op te spoor en op 10 Februarie 1669 is Krotoa as gevangene na die fort gebring en na Robbeneiland verban (Malherbe, 1990: 50-51). Sy het op Robbeneiland op 29 Julie 1674 gesterf en is volgens Christenbeginsels by die fort begrawe (Malherbe, 1990: 51).

Malherbe (1990) aanvaar skynbaar Van Riebeeck se skrywes in sy dagjoernaal as onbetwiste feite wat ’n histories korrekte beeld van Krotoa daarstel. Desondanks haar aanvaarding van die feitelikheid van die dagjoernaal, staan haar weergawe nie vry van subjektiewe interpretasies nie, omdat sy byvoorbeeld volgens Abrahams (1996a: 3) Krotoa as ’n “woman-in-between” voorstel, met ander woorde ’n tussenganger. Abrahams (1996a: 3) glo dat Krotoa nie as ’n “woman-in-between” beskou kan word nie, omdat haar lot, onderdrukking en uiteindelike agteruitgang inherent aan haar identiteit as Khoi-vrou verbonde was.

Yvette Abrahams (1996a) werp in haar artikel “Was Eva raped?” die soeklig op die onderdrukking van Krotoa as inheemse (swart) vrou binne die gegewe konteks. Abrahams (1996a: 11) dui veral op die leemtes en sogenaamde ‘stiltes’ in Van Riebeeck se dagjoernaal en sy stel die argument dat hierdie stiltes toegeskryf kan word aan Van Riebeeck se poging om die onderdrukking van die inheemse Khoi-bevolking van die Here XVII weg te steek. Sy maak hoofsaaklik gebruik van spekulatiewe geskiedskrywing om die argument te stel dat Krotoa deur Van Riebeeck verkrag is – ’n aspek wat ook in die 2017-film getiteld *Krotoa* aan bod kom en met die vrystelling van die film groot

omstredenheid ontlok het (Marais, 2017). Abrahams (1996a: 4) gebruik die tegniek van spekulatiewe geskiedskrywing om haar argumente te regverdig, aangesien Krotoa nooit eerstehands en subjektief betrokke was in die opskryf van haar lewe en die historiese feite daarvan nie.

In Wells (1998) se artikel "Eva's men: Gender and power in the establishment of the Cape of Good Hope, 1652-74" word Krotoa hoofsaaklik as 'n vroulike gesagsfiguur met agentskap uitgebeeld. Wells roep die beeld op van Krotoa as gesags- en magsfiguur deur te verwys na Krotoa se verhoudings met Europese mans en die seksuele mag wat sy oor hulle gehad het. Wells (1998: 421) voer aan dat daar 'n intieme romantiese verhouding tussen Van Riebeeck en Krotoa was en sy staaf dit deur te verwys na die wyse waarop Van Riebeeck Krotoa by belangrike besluite betrek het. Wells se argument is egter aanvegbaar. Eerstens is daar geen konkrete bewyse om dit te staaf nie. Tweedens, deur Krotoa se betrokkenheid by belangrike gesprekke en vergaderings aan 'n intieme verhouding met Van Riebeeck toe te skryf, gee Wells nie volwaardig erkenning en rekenskap aan Krotoa se agentskap, skerp intellek en tolkvermoë nie.

Wells (1998: 430) bespreek ook Krotoa se verhouding en huwelik met Van Meerhof en sy belig die moontlikheid dat Van Meerhof met Krotoa getrou het sodat hy kon voordeel trek uit haar binnekennis van die Khoi-volk en omliggende areas. Hierdie aanname kontrasteer met haar argument dat Krotoa as gesagsfiguur beskou kan word, omdat Krotoa in hierdie geval as 'n slagoffer van Van Meerhof se opportunisme uitgebeeld word.

Dit is voorts opmerklik dat Krotoa in verskillende sosio-politieke kontekste en binne uiteenlopende akademiese en openbare diskoerse telkens opgeroep word. In elk van hierdie uiteenlopende sosio-politieke kontekste word verskillende beelde van Krotoa daargestel. Hierdie gegewe dui nie net op verskuiwings of veranderings in geskiedskrywing oor Krotoa nie, maar dit sinspeel ook op die wyse waarop Krotoa se lewensverhaal herinterpreteer en herverbeel word om antwoorde te bied op aktuele vraagstukke wat verband hou met identiteit, nasiebou en versoening.

Christina Landman (1996) stel byvoorbeeld die argument dat skrywes oor Krotoa in die periode vóór apartheid hoofsaaklik gebruik is om 'n separatistiese ideologie te legitimeer en om rasonderdrukking te regverdig. Landman (1996) verwys onder andere na D.B. Bosman se twee artikels wat in *Die Huisgenoot* gepubliseer is onder die veelseggende titel "Uit die biografie van 'n Hottentottin: 'n Eksperiment na beskawing".

Ná die afskaffing van apartheid het Krotoa weereens die subjek geword van uiteenlopende navorsing en openbare diskoerse. In die vroeë post-

apartheidskonteks het die klem dikwels op haar status as 'oermoeder' van die Suid-Afrika-nasie geval met spesifiek wit en bruin subjekte wat op hulle genealogiese verbintenis met Krotoa aanspraak gemaak het in 'n poging om hul verbondenheid met die nasie en land te vier (sien Distiller en Samuelson, 2005). Hierdie diskoers hou waarskynlik verband met die feit dat Krotoa 'n ma van rashibriede kinders was en as stammoeder van bekende Afrikanerfamilies met vanne soos De Vries, Smuts, Kruger, De Klerk, Van den Berg, Peltzer, Saayman en Steenkamp in genealogiese rekords opgeteken is (Boezak, 2021). Natasha Distiller en Meg Samuelson (2005: 37) fokus spesifiek op wit subjekte se appropriasie van Krotoa en beskryf dit as 'n voorbeeld van "white strategies of belonging". In die proses word Krotoa gereduseer tot haar rol as vrou en ma en sodoende word haar bydrae tot die linguistiese landskap en haar rol as kulturele bemiddelaar misgekyk, en word daar alleenlik gefokus op haar "genetic transmission" (genetiese nalatenskap) (Distiller en Samuelson, 2005: 35).

Shanade Barnabas en Anna Marie Jansen van Vuuren (2020: 34) dui ook op die appropriasie van Krotoa deur bruin geledere om hulle genealogiese verbintenis tot die inheemse Khoi-bevolking en sogenaamde 'eerste nasies' te beklemtoon. Skynbaar funksioneer hierdie simboliese toe-eiening van Krotoa as 'n strategie wat die post-apartheidsdiskoers van bruin subjekte as agtergeblewe met 'n verlore geskiedenis uitdaag en ondermyn. In akkoord hiermee, merk Darlene Miller (2024: 3) op:

> The incomplete nation-building project in South-Africa has excluded the Khoi and their coloured descendants from the reconstruction and development of the South African nation. Narratives of extinction have fed the myth that the Khoi were obliterated, yet their descendants remain.

Miller (2024) skryf bruin geledere se appropriasie van Krotoa toe aan hulle pynlike verlede en die gebrek aan opgetekende persoonlike geskiedenisse en herkoms.

Interessant genoeg, stel Miller (2024: 2) die argument dat die appropriasie van Krotoa hoofsaaklik deur bruin mans geskied en dat bruin vroue grotendeels uitgesluit word wanneer dit kom by grondbesiteise. Om hierdie rede maak Miller (2024) van 'n outo-etnografiese benadering gebruik om te kyk na wyses waarop spesifiek bruin vroue 'n verlore herkoms en persoonlike geskiedenis kan herwin (of herverbeel). Miller (2024: 3) voer aan dat Krotoa se "'herstorical' presence" subjekte in staat stel om met hulle verlore verledes en geskiedenisse te "reconnect". Haar outo-etnografiese ondersoek behels onder andere 'n spirituele 'ontmoeting' met Krotoa wat sy as 'n "connected

encounter" beskryf. Volgens Miller (2024: 7) verwys dit na: "[e]ncounters of memory that emanate from our body". Hierdie gegewe kan gekoppel word aan Hartman se konsep van kritiese fabulasie, spesifiek die tweede stap wat die soeklig werp op die affektiewe verbintenis tussen die skrywer of kunstenaar en die historiese subjek waaroor hulle skryf.

Elk van hierdie historiese en akademiese bronne oor Krotoa word dus vanuit 'n ander invalshoek en perspektief geskryf. Om hierdie rede word uitbeeldings van Krotoa op verskillende wyses simbolies aangepas, soos Landman (1996: 31-32) inderdaad aanvoer:

> Krotoa's story lies somewhere between contextual predestination and individual manipulation, between religious ideals for morality and accusations of immorality, between individualistic and societal holism, interrelatedness and fragmentation. Krotoa's story lies where the narrative takes it.

Wat veral tersaaklik is in die bovermelde aanhaling, is Landman (1996) se klem op die "narrative" en die agentskap waaroor kunstenaars, navorsers en geskiedkundiges beskik wanneer hulle hierdie narratiewe oor Krotoa skep. Vanweë die leemtes in die koloniale argief en die afwesigheid van Krotoa se eie stem kan sy, net soos die slavin Venus in Hartman (2008) se ondersoek, as 'n subaltern en versweë stem beskou word. Hierdie stiltes gee uiteindelik aanleiding tot 'n veelheid van historiese narratiewe en herinterpretasies van haar lewe. Dié verskynsel is selfs meer aanwesig in die geval van literêre uitbeeldings, waar skrywers eksplisiet kreatief met historiese feite omgaan. Teen hierdie agtergrond word Krotoa se uitbeelding in *Pieternella van die Kaap* ondersoek, met spesifieke verwysing na die skrywer se gebruik van kritiese fabulasie om Krotoa se lewe te herverbeel.

4. Sara Baartman

Daar bestaan 'n magdom akademiese navorsing in verskillende tale wat die lewensverloop van Sara Baartman ondersoek. Net soos Krotoa, is Baartman ook tydens bepaalde tydperke herbeskou en figureer sy as mitiese figuur in verskillende sosio-politieke kontekste. Anders as Krotoa, word sy nie as 'n kulturele bemiddelaar gehuldig nie, maar navorsing oor haar spreek hoofsaaklik tot die onderdrukking waaraan sy as inheemse vrou binne die koloniale konteks uitgelewer is. Soos Krotoa word Baartman ook soms as 'n soort moeder of grootmoeder van die nasie bestempel. Simone Kerseboom (2011: 67) dui aan dat sy in die post-apartheidsera in die tyd van "Rainbow

nationalism" as simbool van die "struggle" gebruik is ten opsigte van ras en geslag. Kerseboom (2011: 69) skryf voorts dat Baartman se geskiedenis herskryf is soos ander "post-apartheid icons such as Krotoa". Sy voeg by oor hierdie vroue: "[T]he histories of women who carry symbolic meanings for the nation are deliberately reconfigured, created, and reconstructed to suit and serve a nationalist agenda […]".

Net soos Krotoa is Sara Baartman dus aangewend as 'n simbool waardeur verskillende kulturele en rasgroepe hulle verbondenheid met die land kon opeis. Volgens Andrew P. Lyons (2018: 327) sluit dit anti-rassistiese wit navorsers (hier hoofsaaklik mans) in, "Pan-African" anti-apartheidsaktiviste (hier hoofsaaklik feministe), Afro-Amerikaanse navorsers en akademici wat hulself as deel beskou van die sogenaamde 'reënboognasie' van Suid-Afrika. Daar heers veral konflik rondom wie die reg (en mag) het om haar storie te vertel. Haar swye in die argief en die gebrek aan kennis oor haar, maak haar uiteindelik 'n omstrede objek van spekulasie (Lyons, 2018: 330).

Net soos in die geval van Krotoa, is Sara Baartman se presiese geboortedatum 'n betwiste kwessie. Daar word aanvaar dat Baartman in 1789 in die Gamtoosvallei in die Oos-Kaap gebore is (Lyons, 2018: 330). Ten spyte van omvattende argivale dokumentasie oor Sara Baartman bly haar inheemse/geboortenaam 'n raaisel (Scully en Crais, 2008: 307). Baartman se presiese ouderdom toe sy na Londen geneem is, is dus ook onbekend. Die vermoede bestaan dat sy ouer as 30 was en dat sy voor die reis as bediende gewerk het. Sara Baartman is uiteindelik in 1811 in Manchester gedoop (Lyons, 2018: 331).

Met die repatriëring van haar oorskot in 2002, het die regering besluit om haar koloniale naam te gebruik (Lyons, 2018: 335). Pamela Scully en Clifton Crais (2008: 307) voer derhalwe aan dat Baartman se identiteit en teenwoordigheid in die argief onlosmaaklik verbind bly aan haar status as gekoloniseerde individu, desondanks pogings om haar 'stem' of 'geleefde ervaring' met die nodige empatie en begrip te bestudeer en te benader. In hierdie verband moet gemeld word dat die meerderheid van die argivale bronne oor Sara Baartman vanuit 'n Wes-Europese perspektief opgeteken is. Bestaande studies, beelde en historiese narratiewe oor Baartman word dus deur hierdie koloniale diskoerse onderlê en ingeklee. Die afwesigheid van Baartman se eie stem in die argief dui op 'n betekenisvolle stilte wat uiteindelik van haar 'n bron maak van uiteenlopende historiese narratiewe wat met die loop van tyd aangepas, herskep en herverbeel word om op simboliese vlak antwoorde te bied op aktuele vraagstukke wat binne akademiese sowel as sosio-politieke kontekste aan bod kom.

Dit geld dan ook vir die konteks waarin Diana Ferrus haar gedig oor Baartman

geskryf het. In 1998, dus kort ná die einde van apartheid, het Ferrus gaan studeer aan die Universiteit van Utrecht in Nederland. Daar is Baartman se verhaal in een van haar modules bespreek (Ferrus, 2022). Volgens Ferrus (2022) het sy op daardie stadium baie na Suid-Afrika verlang en die verhaal van Baartman het haar diep emosioneel getref – dit was asof sy Baartman se strewe om terug huis toe te gaan, kon aanvoel. Gevolglik het sy die gedig "Vir Sara Baartman" (Ferrus, 2005) geskryf wat begin: "Ek is hier om jou huis toe te neem, huis toe". Die gedig is eers in 2005 in haar bundel *Ons komvandaan* gepubliseer, maar het onmiddellik aandag getrek toe sy dit in Suid-Afrika by literêre geleenthede voorgelees het. 'n Franse senator het die Engelse weergawe van die gedig op die internet gelees en aan Ferrus geskryf dat dit sterk resoneer met sy argument dat Sara se oorskot teruggestuur moet word uit Frankryk na Suid-Afrika. Die gedig is in Frans vertaal en hy het dit op 29 Januarie 2002 in die Franse Senaat as deel van sy mosie gelees. Uiteindelik is die mosie aanvaar en Baartman se oorskot is na die Gamtoosvallei in die Oos-Kaap teruggestuur. By die oorhandigingseremonie van haar oorskot op 29 April 2002 het Ferrus self haar gedig voorgelees. Weer is die tydvak dus van belang, want Ferrus het die gedig geskryf kort ná die einde van apartheid, terwyl die repatriasie van Baartman se oorskot plaasgevind het in 'n era waarin talle Europese lande begin het om hulle besit van koloniale oorskot en buit te verreken – sien byvoorbeeld die repatriasie van die oorskot van Herero's en Namas in 2018 ná die volksmoord in Namibië deur die Duitse regering (Loots, 2023: 99).

Interessant genoeg word Sara Baartman in die argief uitgebeeld as 'n subjek met agentskap wat uit vrye wil besluit het om na Londen te gaan (Scully en Crais, 2008: 303) – 'n voorstelling wat in skerp kontras staan met Yvette Abrahams (1996b) se historiese narratief oor Baartman. Abrahams betoog dat Baartman, soos ander Afrikane in daardie era, geobjektiveer en geseksualiseer is – sy verwys na die verskynsel van die "pornotroping of Khoisan women" en die "freak shows" waar Afrikane soms uitgestal is: "A crucial part of the 'othering' process was the way in which African freak exhibits were invariably presented as bestial" (Abrahams, 1996b: 223-225). Vroue soos Baartman was hiervolgens volkome uitgelewer aan die uitbuiting van die koloniale bestel.

Scully en Crais (2008: 303) erken dat Abrahams se navorsing poog om Baartman se stem en (moontlike) ervaring in die sentrum te plaas, maar hulle toon terselfdertyd aan dat Abrahams se narratief die dominante narratief van die inheemse vrou as slagoffer, magteloos en uitgelewer aan die Europese moderniteit, propageer – 'n diskoers wat ook waargeneem kan word in die reeds vermelde uiteensetting oor Krotoa. Beide Baartman en Krotoa word deur sekere historici voorgestel as magtelose subjekte wat nie daarin geslaag

het om ten volle tot Westerse kultuur te akkultureer nie. Dit belig uiteraard ook hierdie historiese subjekte se status as (dubbele) buitestandersfigure – in hulle eie inheemse kultuur (vanweë akkulturasie tot die Westerse kultuur) asook in die Europese samelewing (vanweë hulle onvermoë om volkome te vereuropees). I.D. Mothoagae (2016: 71) waarsku gevolglik dat navorsers ten alle tye krities moet wees teenoor die Europese perspektief waaruit Sara se storie opgeteken word:

> It is critical to contextualise the parading of Sarah Baartman. Her story is written from a European perspective, with a specific agenda to support White hegemony. It is also crucial to contextualise the 19th-century world view, which operated on "Subject" and "Object". The "Subject" produces knowledge, while the "Object" is studied by the "Subject".

Die kwessie van agentskap behoort dus ten alle tye sentraal te staan wanneer dit by navorsing oor Baartman kom (Scully en Crais, 2008: 303), aangesien haar lewe by uitstek in die teken van objektivering staan. In hierdie verband blyk die teorie van kritiese fabulasie besonder nuttig, aangesien skrywers hiervolgens poog om op 'n kreatiewe wyse mét en téén die argief te werk om die sogenaamde 'onmoontlike moontlike' storie te vertel.

Navorsing uit die 19de eeu oor Baartman is hoofsaaklik binne die veld van wetenskaplike rassisme gedoen waar haar liggaam gebruik is om aan te toon dat daar wesentlike verskille tussen rasgroepe bestaan (Lyons, 2018: 332). Scully en Crais (2008: 304) fokus onder andere op Baartman se optredes in Londen onder die verhoognaam van "Hottentot Venus" en ondersoek hoe hierdie optredes bygedra het tot die "racialisation" en seksualisering van Baartman se identiteit. Scully en Crais (2008) kom tot die gevolgtrekking dat Baartman vasgevang was tussen twee identiteite – nie slegs twee kulture nie – en om die een te aanvaar, het beteken dat sy die ander moes prysgee (veral in die verskillende ruimtes waar sy 'opgetree' het). In hierdie verband is daar weereens 'n duidelike parallel tussen die diskoerse oor Krotoa en Baartman: Beide figure het in werklikheid in die koloniale en kulturele orde as tussengangerfigure gefunksioneer.

Soortgelyk aan uitbeeldings van Krotoa in die pre-apartheidsera, voer Mothoagae (2016: 72) aan dat Sara Baartman se narratief en verhaal ook gebruik is om "racialisation" en verbandhoudende rassisme te regverdig. Mothoagae (2016) is van mening dat uitbeeldings van Baartman in die koloniale verlede vandag nog 'n impak het op beelde oor swart Afrikavroue wat in die samelewing voorkom, spesifiek die seksualisering van hierdie swart vroue (Mothoagae, 2016: 63). Hieroor sê Mothoagae (2016: 78) die volgende:

> In South Africa, the person of Sarah Baartman symbolises the extent to which the White supremacist has invaded the Black space and body. This is observed in the way in which she was exploited, paraded, penetrated, discarded, objectified, and violated as a Black woman.

Hierdie verhoogde fokus op Baartman se seksualiteit het daartoe gelei dat daar nie voldoende erkenning gegee is aan haar rol as kulturele bemiddelaar nie (Lyons, 2018: 331). Scully en Crais (2008: 308) voer aan dat Sara byvoorbeeld Engels en Nederlands magtig was.

In post-apartheid-Suid-Afrika is navorsing oor Baartman deur 'n sterk feministiese inslag onderlê (Lyons, 2018: 333). Ook in postkoloniale feministiese studies elders in die wêreld blyk dit die geval te wees – Ferrus (2022) dui byvoorbeeld aan dat sy destyds van Baartman in Utrecht geleer het in 'n module met 'n feministiese fokus getiteld "Sexuality in the colonies". Ferrus is as digter self bekend vir haar feministiese bydrae tot die Afrikaanse letterkunde wat die tematiek van haar verse betref en haar posisie as die eerste swart Afrikaanse vroueskrywer wat 'n bundel gedigte gepubliseer het – sien onder meer Bonthuys (2020) se navorsing oor Diana Ferrus se sentrale posisie binne die tradisie van postkoloniale feministiese digkuns in Afrikaans.

Samuelson (2005: 73-74) meld egter dat Baartman, wat as jong Khoi-vrou na Europa geneem is vernaamlik om haar as gevolg van haar "steatopygous buttocks" ten toon te stel en wie se oorskot toe weer teruggebring is na post-apartheid Suid-Afrika en seremonieel as 'n soort regstellingsdaad begrawe is, 'n goeie voorbeeld is van 'n vrou wie se liggaam gebruik is as deel van die imperiale sowel as die nasionale projek. Sy waarsku voorts dat "the implications when decolonising, nation-building discourse depend on gendered representations previously employed to support the colonial endeavour" versigtig verreken moet word. Oor Ferrus ("Ferris" aldus Samuelson, 2005: 77) se vers skryf sy dat die digter ooglopend sterk met Baartman identifiseer as gevolg van haar eie verlange na Suid-Afrika en die gedig eintlik meer oor die self gaan as oor Baartman: "The poem is thus staged as an instance of self-definition that counters the pervasive inscription of Bartmann [*sic*] through the voices and eyes of others" (Samuelson, 2005: 78). Hoewel laasgenoemde betoog positief klink oor die agentskap wat die vers aan Baartman gee, is Samuelson (2005: 78) krities oor die kwessie van die 'huis toe bring' van Baartman wat daarin gesentraliseer word. Sy wys op die stereotipe van "domestication" wat verbind word met vrouwees en die huis, die gedig se post-apartheidstaal oor die einde van die ballingskap van die politieke elite wat tydens apartheid oorsee woonagtig was asook die wyse waarop hierdie gedig

skynbaar die “primordial status” van “descendents of the Khoisan” in Suid-Afrika herbevestig. Samuelson (2005: 78-79) verkies om Baartman se storie te lees deur die lens van diaspora en spesifiek die “African slave diaspora” eerder as om narratiewe oor haar personasie as ’n soort “Mother” te bou.

In die volgende afdeling sal *Pieternella van die Kaap* ondersoek word as voorbeeld van kritiese fabulasie, maar daar sal ook gedagtes verskaf word oor Ferrus se herverbeelding van Baartman en ’n reaksie gegee word op Samuelson (2005) se lees van hierdie vers.

5. *Pieternella van die Kaap* en “Vir Sara Baartman”

5.1. Krotoa

Aan die hand van die voorafgaande teoretiese uiteensetting oor kritiese fabulasie ontstaan daar ’n belangrike vraag wanneer hierdie benadering as teoretiese lens op ’n literêre teks toegepas word: Hoe en op watter wyses respekteer kunstenaars, in hierdie geval skrywers, die sogenaamde ‘stiltes’ van die argief?

In ’n onderhoud met Barrie Hough (2000) wat in *Rapport* verskyn het, beskryf Matthee historiese feite as die boustene van haar skryfproses. Sy merk op:

> “Ek is ’n dom romanskrywer,” sê sy. “Ja. Ek moet eers die feite hê. Hulle is my bakstene. Die bou is vir my die moeisame deel van die proses. Maar hel, kan ek vir jou pleister! Dis nou waar my gawe lê. En pleister is nie sommer so ’n job nie. Dit kos intuïsie. Dit kos voel. Dis hoe ek Pieternella loop kry het. Ek voel haar. Ek voel haar as rou veertienjarige meisie wat gaan trou. Sy leer voetjie vir voetjie leef. Die ontdekking van haar Mauritius-dagboek was ’n groot hulp.”

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat Matthee in ’n groot mate op opgetekende historiese feite steun om Krotoa se lewe te herverbeel. Die doel van hierdie analise (en artikel) is egter nie om hierdie historiese feite in die teks te identifiseer of te verifieer nie, maar eerder om te kyk na hoe Matthee ‘stiltes’ oor Krotoa in die argief inklee en watter beelde van Krotoa in die proses opgeroep word.

Wat verder van hierdie aanhaling opval, is die verwysing na die ‘respek’ waarmee Matthee met historiese feite omgaan. Binne die konteks van kritiese fabulasie staan empatie en affektiewe verbintenis – in dié geval ‘respek’– sentraal, nie net tot die omgang met historiese opgetekende feite nie, maar ook tot die inkleding, omskrywing en herverbeelding van versweë stemme in die argief.

Soos reeds vermeld, behels kritiese fabulasie ’n kreatiewe spel met historiese feite en ’n herrangskikking van die historiese volgorde van gebeure. Dit sluit eerstens spekulering oor stiltes van die argief in, en tweedens die skrywer se geskiedkundige, affektiewe en persoonlike verbintenis met die verlede en die historiese subjek wat herverbeel word (Rijks, 2024: 91). *Pieternella van die Kaap* bied hoofsaaklik aan die leser ’n bemiddelde voorstelling van Krotoa. Die verhaal word vertel deur ’n eksterne verteller, Pieternella – Krotoa se dogter – wat deurgaans as hoofkarakter én hooffokalisator optree. Pieternella se fokalisering geskied oorwegend in die vrye indirekte rede, en Burger (2018: 118) merk tereg op dat hierdie vertelinstansie sorg vir ’n onwaarneembare oorgang tussen die eksterne verteller en die gedagtes van die fokalisator. Met betrekking tot die roman, skep hierdie oorgang ’n kreatiewe spel met historiese feite en verhoed dit dat Krotoa se storie as ‘verseker’ of ‘omvattend’ weergegee word. Dit sluit aan by die subjunktiewe stelwyse wat volgens Rijks (2024: 91) van kritiese fabulasie kenmerkend is. Die vertelstrategie stel Matthee dus in staat om saam met en teen die stiltes van die argief te werk – sonder om vír of namens hierdie stiltes, of vír Krotoa self, te praat.

Krotoa se lewensverhaal word voorts deur Pieternella se herinneringe aan haar moeder herroep. Vervolgens word haar lewensverhaal fragmentaries en episodies weergegee. Binne die konteks van kritiese fabulasie kan hierdie aspek nie bloot as ’n narratiewe vertelinstansie gelees word nie, maar eerder as ’n doelbewuste poging van die skrywer om “narrative restraint” toe te pas. Soos reeds vermeld, verwys hierdie begrip na die skrywer se bewuste erkenning van leemtes of stiltes in die argief sonder om dit met ’n finale, afsluitende moontlikheid of betekenis te probeer vul (Hartman, 2008: 4). Aangesien die menslike geheue per definisie onbetroubaar en subjektief is, word hierdie vertelstrategie dan veral doeltreffend binne die konteks van kritiese fabulasie aangewend. Die leser word op dié manier geheel en al uitgelewer aan Pieternella se verbeelding en geheue – en nie noodwendig alleenlik gelei deur die opgetekende feite van Krotoa soos dit in die argief voorkom nie. Hierdie onbetroubaarheid van Pieternella se geheue maak dus die ‘onmoontlike moontlik’ in terme van die herverbeelding van haar lewensverhaal.

Matthee se keuse om met Pieternella as hooffokalisator en -karakter te werk, hou waarskynlik verband met die feit dat daar opgetekende bronne bestaan wat self deur Pieternella geskryf is en soos Matthee aan Hough (2000) te kenne gee, baie nuttig vir haar as skrywer was. As 14-jarige weeskind word Pieternella en haar jonger broer onder die sorg van vryburger Bart Borms en sy vrou Theuntjie geplaas. Hulle neem die kinders uit die Kaap na Mauritius.

Die reis na Mauritius word uiteindelik die beginpunt van die roman met Pieternella wat 'n soort verbeeldingsreis onderneem waar sy haar ma se lewe deur herinneringe oproep. Sy onthou byvoorbeeld hoe haar ma telkens met verbanning na Mauritius gedreig is (Matthee, 2000: 5). Soos reeds in die historiese uiteensetting vermeld, is Krotoa toe wel na Robbeneiland verban. Hoewel Pieternella self nie verban is nie, word sy teen haar wil saam met die Borms-gesin na Mauritius gestuur. Dit aktiveer dus die tema van ballingskap, aangesien beide karakters met verbanning gedreig is en/of uiteindelik verban is. Hierdie tekstuele gegewe kan simbolies gelees word as hulle uitwissing en/of weglating uit die argief.

Die reismotief, veral Pieternella se skeepsreis en die herinneringe wat dit ontlok, herinner aan Hartman (2019: 227) se konsep 'wayward' wat, soos reeds aangedui, verwys na 'n toestand waarin soeke na identiteit, verlede en persoonlike geskiedenis oorvleuel. Hierdie toestand van 'wayward' wees is nie slegs van toepassing op Pieternella nie, maar ook op Krotoa wat soos aangedui in die betrokke roman en in die politieke, historiese en akademiese diskoers (sien afdeling 3) verskillende en soms teenstrydige beelde ontlok.

Soos vroeër in hierdie artikel geargumenteer, is 'n kernaspek van kritiese fabulasie die skrywer se persoonlike affiniteit met die historiese teks. In afdeling 2 is die argument gemaak dat die twee Afrikaanse vroueskrywers wat in hierdie artikel ter sprake kom die Khoi-vroue se lewens herverbeel het om sin te maak van hulle hede en om 'n persoonlike geskiedenis op te teken. Hierdie toestand van 'wayward'-wees blyk dus dan ook die geval te wees vir Matthee, wat in onderhoude met Hough (2000) en Wasserman (2000) herhaaldelik dui op haar affektiewe en genealogiese verbintenis met Krotoa en haar afstammelinge. Vergelyk verder hierdie opmerking van Matthee in Hough (2000):

> Ek voel soos wat ek skryf. Deur alles heen voel ek die Hottentotte se pyn en ek is kwaad. Ek huil nie maar ek is kwaad. Soos wat Pieternella kwaad was. En dan kom die versoeking om anderkant jou voel dinge by te voeg, maar jy weet jy kan nie 'n jota of tittel byvoeg nie. En al het ek die boek geskryf, is dit nog nie uit my uit nie. Dit sal maar seker altyd daar wees, soos 'n herinnering, 'n skim van iets wat ek self geleef het.

Hieruit blyk duidelik dat die roman nie slegs 'n narratief oor Pieternella en/of Krotoa is nie, maar ook 'n uitlaatklep vir Matthee se eie soeke na identiteit en persoonlike geskiedenis. Haar verwysing na die "versoeking om anderkant jou voel dinge by te voeg" dui voorts op 'n bewustelike versigtigheid – 'n aspek wat duidelik herinner aan wat Hartman (2008: 12) "narrative restraint" noem.

In die onderhoud met Barrie Hough (2000) beklemtoon Matthee haar

affektiewe verbintenis met Krotoa se lot wanneer sy aanvoer dat sy “saans [...] vir Eva-Krotoa geween het”. Sy identifiseer ook eksplisiet met ’n inheemse herkoms wanneer sy in dieselfde onderhoud opmerk:

> Die hele kultuur is in my bloed. Voor apartheid was daar nie hierdie grense nie. My ouma het ’n bruin kind grootgemaak en ek was groot voor ek geweet het dis nie my ouma se kind nie.

Die herverbeelding en herkonstruksie van beide Krotoa en Pieternella se verhale is dus ’n vorm van skryf oor die self. Matthee se openlike identifisering en affiliasie met hierdie historiese figure sluit uiteindelik ook aan by die tweede belangrike aspek van kritiese fabulasie, naamlik die skrywer se persoonlike verbintenis met die verlede en die historiese subjek waaroor sy skryf (Rijks, 2024: 91).

Pieternella se identiteit as rashibriede subjek staan in die roman sentraal, veral ten opsigte van die herverbeelding van Krotoa. Die leser word gekonfronteer met die diskriminasie wat Pieternella tydens haar verblyf onderdek van die skip saam met die Hollandse karakters tant Theuntjie en tant Maijke ervaar. Laasgenoemde beskryf Pieternella onder meer as ’n “kraaigat-halfslag-Hottentottin” (Matthee, 2000: 90). Haar verblyf onderdek vorm ’n ruimtelike parallel met Krotoa wat in die “Donkergat” onder die fort aangehou is (Matthee, 2000: 50). Pieternella onthou onder meer die “ystersleutel”, die “ysterdeur” en die “getraliede luggat” waar haar ma aangehou is – beelde wat beklemtoon tot watter mate Krotoa aan koloniale mag uitgelewer was. Die “Donkergat” funksioneer in hierdie verband nie net as simbool van koloniale mag nie, maar binne die konteks van kritiese fabulasie kan hierdie “Donkergat” simbolies gelees word as die argief self. Hartman (2008: 2) beskryf die argief as “both a death sentence and a tomb”, met die graf as ’n donker gat waarin die stemme van gemarginaliseerdes letterlik (en in die argief figuurlik) begrawe lê. Wanneer Pieternella haar ma in die Donkergat besoek, bied sy die volgende beskrywing daarvan: “Kliptrappe in die rondte af soos die binnekant van ’n slakskulp, al donkerder, tot diep onder in die Aarde” (Matthee, 2000: 50). Krotoa se opsluiting hier versinnebeeld uiteindelik die uitwissing van haar stem en ervaring in die geskiedenis. Sy figureer nog in die argief, maar word terselfdertyd weggelaat.

Alhoewel die meeste van Pieternella se herinneringe van Krotoa haar as ’n magtelose figuur voorstel, bied dit ook sleutelmomente van selfaktualisering en agentskap. Die roman fokus veral op die wyse waarop Krotoa haar linguistiese vermoë en akkulturasie gebruik om mag te bekom. Sy oorskry die grense tussen koloniseerder en gekoloniseerde wanneer sy die Hollandse taal aanleer, wat haar in staat stel om as tolk op te tree en haarself in die

koloniale magstrukture onontbeerlik te maak. Pieternella beskryf haar ma as: “Boodskapdraer. Van Oedasoa na mynheer Van Riebeeck. Van mynheer Van Riebeeck na Oedasoa” (Matthee, 2000: 176). Krotoa se rol as tolk kry ’n nuwe dimensie wanneer sy as vredesagent tussen twee groepe optree. Nadat die Hollanders met geweld reageer op die Khoi se veekapings, stuur Oedasoa vir Krotoa met die “wit vlaggie” na Van Riebeeck (Matthee, 2000: 188). Soos in die voorafgaande afdelings bespreek, is sy as gevolg van hierdie bemiddelaarsposisie in die koloniale en pre-apartheidstekste uitgebeeld as verraaier of immorele manteldraaier, maar in die post-apartheidsfeer is sy gemitifiseer en voorgehou as oermoederfiguur en ook simbool van vrede, versoening en nasionale eenheid (sien Samuelson, 2005).

In die loop van die roman word Krotoa verder uitgebeeld as dissidente figuur wat openlik weerstand bied teen koloniale gesag, veral met betrekking tot rasoorheersing. Krotoa daag hoofsaaklik rasoorheersing uit wanneer sy die volgende simbolies gelade vraag vra: “Watse eer het julle bleekgatte? Klomp stelers, klomp moordenaars, klomp liegters!” (Matthee, 2000: 208). Hierdie weerstand word op die spits gedryf wanneer sy in ’n Hollandse soldaat se gesig spoeg (Matthee, 2000: 79). Elders in die roman, ruk Krotoa ook die “wittekraag” van haar rok af en vernietig dit deur daarop te “trap en trap” (Matthee, 2000: 79) – ’n aksie wat as simbolies van haar verwerping van (wit) koloniale mag gelees kan word. Dit volg nadat ’n soldaat neerhalend na Krotoa se kinders verwys as die produk van ’n Khoi-vrou wat die “wit man genaai het”. Dat hierdie gebeure vanuit Pieternella, ’n rashibriede fokalisator, se perspektief verwoord word, is betekenisvol: dit beklemtoon haar posisie tussen twee wêrelde en haar empatie met haar ma se lot. In hierdie herverbeelding van Krotoa word sy voorgestel as ’n subjek wat vanuit die marge koloniale rasoorheersing uitdaag en terselfdertyd die diskoers van rassuiwerheid ondermyn. Hierdie uitbeelding strook met die post-apartheidstrewe na ’n nie-rassige ideologie, en sinspeel uiteindelik ook op post-apartheidsdiskoers waarin wit en bruin subjekte hulle genealogiese affiliasie met Krotoa beklemtoon het om hul status as regmatige Suid-Afrikaners te bevestig (sien Distiller en Samuelson, 2005 en Boezak, 2021).

Hoewel Krotoa op verskeie maniere Europese kultuur aangeneem het, is dit, soos reeds vermeld, veral haar taalvaardigheid wat haar toegang tot mag gegee het. Tog word sy van hierdie mag gestroop wanneer Van Riebeeck byvoorbeeld sy opvolger waarsku om niks te glo “wat Eva die Hottentot sê nie” (Matthee, 2000: 5). Hierdie waarskuwing sinspeel op die diskwalifisering van haar stem en dit verteenwoordig uiteindelik ook die koloniale epistemiese geweld wat haar ontneem het van die outoriteit oor haar eie narratief.

Op narratiewe vlak word die leser in die roman blootgestel aan verskillende perspektiewe en oorvleuelende narratiewe diskoerse van karakters – dié van Pieternella, Krotoa en Van Riebeeck – wat uiteindelik die grense tussen tyd, identiteit en mag vervaag. Hierdie 'veelstemmigheid' funksioneer veral doeltreffend binne die raamwerk van kritiese fabulasie, om aan te toon dat daar nie een enkele historiese waarheid bestaan nie, maar soos Hartman (2008: 11) dit stel: "an impossible but necessary multiplicity of narratives, perspectives and interpretations".

Die representasie van Krotoa se identiteit in *Pieternella van die Kaap* berus op die idee dat haar identiteit oop, veranderlik en dinamies is – die gevolg van voortdurende kulturele bemiddeling. Een belangrike identiteitsaspek wat hier tersaaklik is, is die kwessie van naamgewing. Verskeie akademici verwys op verskillende maniere na haar.[5] *Pieternella van die Kaap* lewer op simboliese wyse op hierdie gegewens kommentaar wanneer daar vanuit Pieternella se fokalisasie opgemerk word dat: "Toe haar ma klein was, was haar naam Krotoa. Die Hollanders het haar Eva gemaak" (Matthee, 2000: 34). Die werkwoord "gemaak" is veral opvallend. Eerstens, sinspeel dit op die algemene postkoloniale opvatting dat identiteit oop is vir prosesse van verandering en aanpassing, maar terselfdertyd impliseer dit ook dat Krotoa bykans geen agentskap oor haar naam gehad het nie – en dus ook nie oor die identiteit wat aan haar toegeken is nie. Dit herinner aan Sara Baartman, van wie die geboortenaam vandag nie enigsins bekend is nie (Scully en Crais, 2008: 307).

Krotoa se toenemende afkeur van haar identiteit as Hollander blyk uit haar voorkeur vir die gebruik van haar inheemse naam. Pieternella onthou hoe haar ma die naam Krotoa in strepies op die sand geskryf het en daarna verwys het as haar "regte naam" (Matthee, 2000: 168). Hierdie handeling kan simbolies gelees word as 'n herbevestiging van haar inheemse identiteit en die ontkenning en verwerping van haar koloniale identiteit.

Die versplintering van Krotoa se kulturele identiteit word in die roman verder vergestalt in die beeld van die potskerwe. Vroeg in die roman bou Krotoa en Pieternella, volgens die Khoi-tradisie, 'n kleipot (Matthee, 2000: 21-23). Wanneer Pieternella later die pot opgrawe besin sy oor hierdie herinnering, en merk die volgende op: "Net skerwe. Haar ma se skerwe". Daarna figureer die potskerwe deurgaans as simbool van Krotoa se versplinterde kulturele identiteit (Matthee, 2000: 249, 502). Vervolgens kan mens 'n verband trek tussen hierdie beeld van versplintering en die sosio-politieke diskoers van Krotoa as tussengangerfiguur. Hierdie diskoers word veral bestendig wanneer Krotoa opmerk: "Ja. Toe word ek die tweekopvrou. Een is Eva. Een is Krotoa" (Matthee, 2000: 170).

5.2. Sara Baartman

Soos Samuelson (2005) betoog, is daar ’n sterk identifikasie tussen die spreker en Baartman in Ferrus se gedig “Vir Sara Baartman”. Dit spreek nie net uit die agtergrond oor die skryfimpetus (Ferrus, 2022) nie, maar ook die vers self. Hierdie vervaging van die grense tussen die skrywer en personasie is volgens Hartman (2008: 11) tipies van kritiese fabulasie:

> Ek is hier om jou huis toe te neem, huis toe –
> onthou jy die vlaktes,
> die welige groen gras onder die groot eikeboom,
> die lawende koeltes en die son wat nie steek?
> Ek het jou bed berei teen die voet van die berg,
> jou komberse uitgedos met boegoe en kruisement.
> Daar waar die proteas pronk in geel en wit,
> daar sing die rivier jou verwelkomingslied!
>
> Ek is hier om jou weg te skeur,
> weg van die snydende oë van die monster
> wat wegkruip in die donker met sy kloue van haat,
> wat jou liggaam versnipper, stukkie vir stukkie,
> jou siel vergelyk met die van satan
> en syne vergelyk met die van God!
>
> Ek is hier om jou te troos,
> jou moeë hart teen my bors vas te hou,
> die palms van my hande oor jou wange te vou
> die lyne in jou nek met my lippe te streel
> en jou ewige skoonheid in my oë te onthou.
> Ek is hier om vir jou te sing
> want ek het vir jou vrede gebring.
>
> Ek is hier om jou huis toe te neem,
> daar waar die oeroue berge jou naam uitroep!
> Ek het jou bed berei teen die voet van die berg,
> jou komberse uitgedos met boegoe en kruisement,
> daar waar die proteas pronk in geel en wit,
> daar sing die rivier jou verwelkomingslied.

Ek is hier om jou huis toe te neem
waar ek vir jou sal sing
want jy het ook vrede
vir my gebring,
want jy het ook vrede vir ons gebring.

Veral die slotstrofe bevestig die verbintenis tussen digter-spreker en Baartman. Ferrus identifiseer as bruin Suid-Afrikaanse vroueskrywer op affektiewe en persoonlike wyse met die historiese subjek en soos by Matthee se teks is daar dus identiteitsoeke in die gedig ter sprake. Aldus Rijks (2024: 91) verteenwoordig hierdie identifikasie tussen skrywer en personasie die tweede stap in die proses van kritiese fabulasie. Daar is in die gedig ook 'n verwewing van hede en verlede oftewel toe en nou (Rijks, 2024: 91) te sien: die digter-spreker "berei" naamlik 'n bed vir Sara, "troos" Sara, en heel intiem, vou "die palms" van haar "hande" oor Sara se "wange", "streel" die "lyne" in Sara se "nek" met haar "lippe".

Opvallend is daar in die gedig ook 'n suggestie van wat Hartman (2019: 227) beskryf as "wayward": "to wander, to be unmoored, adrift, rambling, roving, cruising, strolling and seeking". Die digter-spreker en die verbeelde Baartman beweeg deur "vlaktes", "welige groen gras", verby "proteas", "die rivier" en die "oeroue berg". Soos Matthee Pieternella se herinneringe gebruik om Krotoa se verhaal te vertel, vra die digter-spreker Baartman ook om te "onthou". So verbeel Ferrus 'n tipies Suid-Afrikaanse landskap waar Baartman haar as jong Khoi-vrou kon bevind het. Wat Rijks (2024: 93) die "subjunctive" noem, figureer dus hier op implisiete wyse.

Wat Rijks (2024: 91) se eerste stap van kritiese fabulasie betref, is Ferrus duidelik bewus daarvan dat Sara Baartman se verhaal onmoontlik is om vandag te vertel. In die uiteensetting van al die kontroversie rondom Sara se posisie as vrou en Khoi-boorling, val hierdie onmoontlikheid sterk op. Samuelson (2005: 78) is krities oor Ferrus se vers aangaande die gender, politieke en etniese posisies wat dit sou veronderstel, maar om Baartman se verhaal deur die lens van die diaspora van slawe uit Afrika te beskou soos Samuelson voorstel, is ook hoogs betwisbaar, aangesien die Khoi se geskiedenis nie as 'n reël gemarkeer is deur die swart Atlantiese slawehandel nie.[6] Wat Ferrus dus met hierdie vers doen, is om – in die terminologie van Hartman (2008: 2) – 'n onmoontlike storie te probeer vertel, "to amplify the impossibility of its telling". Baartman is eeue reeds oorlede, en dit is onmoontlik om haar werklik "huis toe te neem" soos die eerste en laaste strofes van die gedig beloof. Die gedig verteenwoordig egter 'n metaforiese

daad, ’n eerbetoon of ’n liefdesbetuiging (sien die intieme taal in die vers) teenoor iemand wat volgens alle historiese rekords nie in haar lewe met genoeg respek hanteer is nie.

6. Ten slotte

Uiteindelik is die representasie van Krotoa in *Pieternella van die Kaap* intiem verweef met haar posisie as buitestander. Haar liminale posisie is nie net beperk tot Matthee se voorstelling van haar in die roman nie, maar word herhaal in uiteenlopende politieke, sosiale, historiese, literêre en akademiese diskoerse wat oor Krotoa handel. Elk van hierdie diskoerse en narratiewe bied moontlike weergawes van haar lewe – maar tog bly haar stem versweë. Matthee se gebruik van ’n fragmentariese, episodiese vertelstrategie en haar keuse van Pieternella as hooffokalisator is instrumenteel en spreek direk tot die teoretiese beginsels van kritiese fabulasie. Die roman poog nie om ’n genuanseerde en omvattende storie van of oor Krotoa te vertel nie, maar eerder om die reeks onmoontlike moontlike narratiewe oor haar lewe oop te hou.

Dieselfde geld vir Ferrus se vers “Vir Sara Baartman”. Dit is onvermydelik dat bepaalde gender, politieke en etniese posisionerings daarin raakgelees sal word soos die geval is in al die herverbeeldings en diskoerse oor en van Baartman se lewe. Deur kritiese fabulasie as invalshoek te gebruik, kan die gedig egter gelees word as ’n herverbeelding van die Khoi-vrou Sara Baartman wat oop is vir interpretasie, wat terselfdertyd intiem en histories is, wat illustreer hoe uitdagend dit is om die onmoontlike in letterkunde moontlik te maak. Hier lê die wins van kritiese fabulasie as lens – dit verreken die uitdagings daaraan verbonde om die stories van subjekte te vertel wat eeue reeds stilgemaak is, maar steeds vandag gehóór behoort te word.

Universiteit van Wes-Kaapland

Bronnelys

Abrahams, Y. 1996a. Was Eva raped? An exercise in speculative history. *Kronos* 23(1): 3-21.

Abrahams, Y. 1996b. Images of Sara Bartman. Sexuality, race and gender in early-nineteenth-century Britain. In: Pierson, R.R. en Chaudhuri, N. (reds.). *Nation, empire, colony: Historicizing gender and race.* Bloomington: Indiana University Press.

Barnabas, S. en Jansen van Vuuren, A.M. 2020. Tying a (rain)bow at the end: Controversial representations of Krotoa from text to film. *Journal of African Cinemas* 12(1): 31-45.

Boezak, W. 2021. Nuwe Krotoa-herrie los. Netwerk24. https://www.netwerk24.com/stemme/menings/nuwe-krotoa-herrie-los-20210922. (Datum van gebruik: 5 Februarie 2026).

Bonthuys, M. 2020. Postkoloniale feminisme in die Afrikaanse poësie: Die debute van Ronelda S. Kamfer, Shirmoney Rhode en Jolyn Phillips. *LitNet Akademies* 17(1): 241-261.

Burger, B. 2022. *grond/Santekraam* en *bientang.* Gesitueer in globale swart seeroetes. *Tydskrif vir Letterkunde* 59(1): 62-74.

Burger, W. 2018. *Die wêreld van die storie.* Kaapstad: Van Schaik.

Coetzee, C. 1998. Krotoä remembered: A mother of unity, a mother of sorrows? In: Coetzee, C. en Nuttall, S. (reds.). *Negotiating the past: The making of memory in South Africa.* Kaapstad: Oxford University Press.

Conradie, P. 1997. Remembering Eva: The frontiers within. *Alternation* 4(1): 60-72.

Distiller, N. en Samuelson, M. 2005. "Denying the coloured mother": Gender and race in South Africa. *L'Homme* 16(2): 28-46.

Ferrus, D. 2005. *Ons komvandaan.* Kaapstad: Diana Ferrus Uitgewery.

Ferrus, D. 2022. The story of Sarah Baartman and the poem "I've come to take you home". Sentrum vir Sosiale Geregtigheid. Stellenbosch Universiteit. https://socialjustice.sun.ac.za/downloads/events/2022-10-diana-ferrus-on-sarah.pdf. (Datum van gebruik: 12 November 2025).

Hartman, S. 2008. Venus in two acts. *Small Axe* 12(2): 1-14.

Hartman, S. 2019. *Wayward lives, beautiful experiments. Intimate histories of social upheaval.* New York: W.W. Norton and Company.

Hough, B. 2000. Dalene Matthee terug met nuwe verrassings. *Rapport*, 16 April.

Jansen, E. 2003. *"Eva, wat sê hulle?" Konstruksies van Krotoa in Suid-Afrikaanse tekste.* Amsterdam: Vossiuspers UvA.

Kerseboom, S. 2011. Grandmother-martyr-heroine: Placing Sara Baartman in South Africa post-apartheid foundational mythology. *Historia* 56(1): 63-76.

Landman, C. 1996. The religious Krotoa (c1642-1674). *Kronos* 23: 22-35.

Loots, S. 2023. Hendrik Witbooi (1830-1905): Herwaardering en herevaluering in 21ste-eeuse Afrikaanse en Nederlandse literêre tekste. T*ydskrif vir Nederlands & Afrikaans* 30(1): 95-121.

Lyons, A.P. 2018. The two lives of Sara Baartman: Gender, 'race', politics and the historiography of mis/representation. *Anthropologica* 60(1): 327-346.

Malherbe, V.C. 1990. *Krotoa, called 'Eva': A woman between.* Rondebosch: Universiteit van Kaapstad.

Marais, D. 2017. “Mag wittes die storie van Krotoa vertel?” Netwerk24. https://www.netwerk24.com/mag-wittes-die-storie-van-krotoa-vertel-20170822. (Datum van gebruik: 5 Februarie 2026).

Matthee, D. 2000. *Pieternella van die Kaap.* Kaapstad: Tafelberg.

Miller, D. 2024. Epistemic injustice against Khoi-Coloured women from the Cape: Connected encounters with the matriarchal lineages of Krotoa. *Journal of International Women’s Studies* 26(3): 1-13.

Mothoagae, I.D. 2016. Reclaiming our black bodies: Reflections on a portrait of Sarah (Saartjie) Baartman and the destruction of black bodies by the state. *Acta Theologica* 36(24): 62-83.

Rijks, M. 2024. Narrativism, critical fabulation, and the ethics of history writing. *Leidschrift* 39(3): 87-101.

Samuelson, M.A. 2005. Remembering the nation, disremembering women? Stories of the South-African transition. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.

Scully, P. en Crais, C. 2008. Race and erasure: Sara Baartman and Hendrik Cesars in Cape Town and London. *Journal of British Studies* 47(2): 301-323.

Sheldon, A.G. 2021. The relevance of the biopic *Krotoa* (2017): A misrepresentation of history? Ongepubliseerde MA-verhandeling. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.

Smit, J.A. 2016. J.T. van der Kemp’s link to the British anti-slavery network and his civil rights activism on behalf of the Khoi (1801-1803). *Journal for the Study of Religion* 29(2): 5-28.

Söderback, F. 2024. Narration as practice of care in the wake of violence: Adriana Cavarero’s narrative theory and Saidiya Hartman’s critical fabulation. *Journal of Italian Philosophy* 7: 88-126.

Spivak, G. 1994. Can the subaltern speak? In: Williams, P. en Christman, L. (reds.). *Colonial discourse and post-colonial theory: A reader.* New York: Columbia University Press.

Stellenbosch University Corporate Communication and Marketing Division. 2021. US noem gebou na Krotoa. Stellenbosch Universiteit. https://www.su.ac.za/en/node/5567. (Datum van gebruik: 12 November 2025).

Stoler, A.L. 2002. Colonial archives and the arts of governance: On the content in the form. In: Hamilton, C., Harris, V., Taylor, J., Pickover, M., Reid, G. en Saleh, R. (reds.). *Refiguring the archive.* Dordrecht: Spring Science and Business Media.

Van Zyl, D. 2003. Perspektiewe op die ‘ander’ in *Pieternella van die Kaap* deur Dalene Matthee en *Eilande* deur Dan Sleigh. *Stilet* XV(2): 53-67.

Viljoen, L. 2002. Kan die slaaf praat? Die stem van die slaaf in enkele Brink-

romans. *Stilet* XVI(2): 92-116.
Wasserman, H. 2000. Hottentotte “was dié Kapenaars”. *Die Burger*, 12 Maart.
Wells, J.C. 1998. Eva’s men: Gender and power in the establishment of the Cape of Good Hope, 1652-74. *The Journal of African History* 39(3): 417-437.

Note

1. Ons gebruik die 1994-weergawe van die artikel.
2. Sien onder meer Van Zyl (2003), Jansen (2003), Barnabas en Jansen van Vuuren (2020) en Sheldon (2021) waarin tekste soos die Matthee-roman, *Eilande* van Dan Sleigh en die 2017-film, *Krotoa*, aan bod kom. Die geskiedkundige feite aangaande Krotoa word ook in ander bronne bespreek, soos uiteengesit in afdeling 3 van hierdie artikel.
3. Sien ook Bibi Burger (2022: 71) se verwysing na Jolyn Phillips se herverbeelding van die Khoi-vrou Bientang in haar gelyknamige digbundel as ’n voorbeeld van kritiese fabulasie.
4. Die argief verwys hier na die konsep wat tydens die sogenaamde ‘archival turn’ (argivale wending) in betekeniswaarde uitgebrei en gepopulariseer is. Die argivale wending het verband gehou met die beskouing van die argief as ’n vorm van magsuitoefening waardeur subjekte onderdruk is deur hulle weglating uit die geskiedenis. Die argivale wending word sodoende gekenmerk deur ’n epistemologiese inslag wat die kennis, diskoerse en narratiewe onderliggend aan die argief, krities ondersoek (Stoler, 2002: 87).
5. Vergelyk byvoorbeeld Abrahams (1996a), Conradie (1997), Wells (1998) en Coetzee (1998) wat na haar verwys as “Eva”; Barnabas en Jansen van Vuuren (2020) en Miller (2024) as “Krotoa”.
6. Inheemse mense soos die Khoi in Suid-Afrika kon onder amptelike koloniale beleid nie tot slaaf gemaak word nie. Navorsers soos Smit (2016: 14) dui egter daarop dat hulle posisie in Suid-Afrika die van “*de facto* slaves” was, hoewel hulle status as vrye nasies gehad het.